

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Namens en ter wille van . . .

Skriflesing: Filemon 1-21

Broodjies vir die pad

“As a magnifying glass concentrates the rays of the sun into a little burning knot of heat that can set fire to a dry leaf or a piece of paper, so the mystery of Christ in the Gospel concentrates the rays of God's light and fire to a point to set fire to the human spirit.”

— Thomas Merton

“Let us never underestimate the power of a well-written letter.”

— Jane Austen, Persuasion

“Indeed, a quick glance around this broken world makes it painfully obvious that we don't need more arguments on behalf of God; we need more people who live as if they are in covenant with Unconditional Love, which is our best definition of God.”

— Robin R. Meyers, Saving Jesus from the Church: How to Stop Worshiping Christ and Start Following Jesus

“In normal life we hardly realize how much more we receive than we give, and life cannot be rich without such gratitude. It is so easy to overestimate the importance of our own achievements compared with what we owe to the help of others.”

— Dietrich Bonhoeffer, Letters and Papers from Prison

“Over the years, confusing fragments, lost corners of stories, have a clearer meaning when seen in a new light, a different place.”

— Michael Ondaatje, The Cat's Table

“I do not feel obliged to believe that the same God who has endowed us with sense, reason, and intellect has intended us to forgo their use.”

— Galileo Galilei, Letter to the Grand Duchess Christina

“To love is good, too: love being difficult. For one human being to love another: that is perhaps the most difficult of all our tasks, the ultimate, the last test and proof, the work for which all other work is but preparation...Love is a high inducement to the individual to ripen, to become something in himself, to become world for himself for another's sake, it is a great exacting claim upon him, something that chooses him out and calls him to vast things.”

— Rainer Maria Rilke, Letters to a Young Poet

Barend Paul Barnard se gedig vir Niel Stemmet

Niel was 'n bekende kos skrywer wie se resepte gereeld op die tydskrif “Tuis”, se agterblad verskyn het. Hy het ook etlike resepte boeke met pragtige opstelle en foto's gepubliseer. Niel is agv Covid oorlede.

Sy moeder, Elise, woon in Utopia aftree-oord in Stellenbosch.

Daar's 'n gat in Nieu-Bethesda
En my sewe stemme sing vir jou;
Skielik is al my rowe rou.
Daar's 'n gat op die berg
En 'n gat onder die maan,
Daar's 'n gat langs die see
Waar jy sou sit of stap of staan.
Daar's 'n gat in jou kombuis
En 'n gat in jou seehuis,
Daar's 'n gat waar al jou stories oor jou
lippe nog moes suis.
Daar's 'n gat langs die tafel
En 'n gat in jou boek.
Daar's 'n gat op jou mat
En 'n kat wat jou nou soek.
-
Daar's 'n gat in die land,
Jy is na die noorde;
Niel -

“Every day you have choices. You can do things that wound your soul, like being dominated by the work ethic or compulsively seeking more money and possessions, or you can be around people who give you pleasure and do things that satisfy a desire deep inside you. Make this soul care a way of life, and you may discover what the Greeks called eudaimonia—a good spirit, or, in the deepest sense, happiness.”

— Thomas Moore, Care of the Soul: Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

Brood vir die pad

Skrywer merk in die alledaagse 'n heilige alfabet op

RRV

In sy boek *The Remarkable Ordinary: How to Stop, Look, and Listen to Life* (2017) vertel die Amerikaanse skrywer Frederick Buechner – bekend vir sy romans, outobiografiese werke en tekste oor Christelike temas – van 'n uitnodiging wat hy ontvang het om die Noble-lesings in die winter van 1969 by die Harvard-Universiteit te lewer.

Talle gesiene teoloë het voor hom dié lesingreeks aangebied. Hoewel Buechner vroeër teologie in New York studeer het, het hy hom nie regtig as 'n teoloog beskou nie en daarom sy vraag aan die organiseerder waaroor 'n skrywer soos hy nou eintlik moet praat.

Waarop die antwoord gevolg het: "Something in the area of 'religion and letters'."

Die "letters" in die voorgestelde tema het natuurlik op die letterkunde gedui, maar om die een of ander rede het Buechner gedink dat dit letterlik na letters verwys.

Hierdie aanvanklike misverstand het by Buechner die idee geplant om sy lesings oor "godsdienste en die alfabet" te hou. Sy uitgangspunt hiervoor was om alledaagse gebeure en handelings – soos wakker word, eet, gesels, begeer, in die spieël kyk, werk en slaap – as die alfabet te sien waardeur God tot ons spreek.

Teen hierdie agtergrond fokus Buechner in sy vertelling op 'n enkele dag in sy lewe en vra hy aandag vir hoe die onsigbare in die sigbare gestalte kry. Of in meer teologiese taal, hoe genade in die gewone neerslag vind. Hy noem dan ook sy lesings, en die boek wat in 1970 daaruit gevolg het, *The Alphabet of Grace*.

Vir Buechner is hierdie alfabet van genade, wat harde en sagte klanke bevat, nie altyd maklik om te ontsyfer nie. Dit is vergelykbaar met 'n Hebreeuse alfabet sonder vokale. Ons moet daarom self die gapings invul. En dit vra vir interpretasie, geloof en verbeelding.

Frederick Buechner is op 15 Augustus vanjaar in die ouderdom van 96 jaar oorlede en in heelwat van die huldeblyke ná sy afsterwe is daarna verwys dat sy werk steeds as 'n wkreop kan dien om die sakrale in die alledaagse op te let.

Dit resoneer met Buechner se eie opmerking dat wat hy deur sy romans en ander geskryfte wou sê op die volgende neerkom: "Listen to your life. See it for the fathomless mystery that it is. In the boredom and pain of it no less than in the excitement and gladness: touch, taste, smell your way to the holy and hidden heart of it because in the last analysis all moments are key moments, and life itself is grace."

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-skrywer-merk-in-die-alledaagse-n-heilige-alfabet-op-20220827>

Gebruike en Gewoontes in die Bybel: Gasvryheid (1)

JP Louw

Om mense te ontvang, voedsel en verblyf te gee, was 'n belangrike sosiale gebruik. Gasvryheid is in sowel die Ou as Nuwe Testamente tydens hoog geag. Die nomadiese wyse van leef, waar almal maar swerwers was soos in die vroegste Bybeltye, het sekerlik bygedra tot 'n wedersydse gevoel vir mekaar. Nomadiese mense is goed bewus van die hardheid van 'n dorre wêreld waar kos en water skaars is.

Dit is merkwaardig dat in die geskiedenis van die mensheid rykdom en oorvloed gasvryheid gedemp het, maar dat wanneer mense min het hulle meer bewus is van ander se nood. In Romeine 12:20 skryf Paulus selfs "as jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as by dors is, gee hom iets om te drink."

As iemand in die huis of tent van 'n ander 'n gas is, aanvaar die eienaar alle verantwoordelikheid (Genesis 19:2-8). Psalm 23:5 vertel

dan ook van die hartlikheid waarmee 'n eregas ontvang is. Hierdie deug is gewortel in God se troue sorg en liefde en het nog altyddeur by Christene 'n belangrike kenmerk gebly.

In die wette van Moses is baie bepalinge ingebou om die vreemdeling te beskerm (Eksodus 22:21, Deuteronomium 10:18, 19; 14:29). Job 31:16-17 en Jesaja 58:7 wys hoe belangrik dit beskou was om voedsel met ander te deel. In Deuteronomium 23:4 word die Ammoniete en Moabiete geban uit die gemeente van die Here omdat hulle kos en water geweier het toe Israel uit Egipte by hulle verby getrek het.

Die Jode het in gedagte gehou dat Abraham (Genesis 18:2-13) vreemdelinge ontvang het wat eintlik engele was. Ook Gideon (Rigters 6:11-23) het nie besef dat die vreemde man wat met hom gepraat het 'n engel was nie. Daarom sê Hebreërs 13:2 "moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves."

Hierdie gedagtegang het by Christene voortgeleef in die raaksien van 'n ander, veral as daar nood is, as iemand wat deur die Here op jou pad gebring is om iets aan die saak te doen.

Om 'n maaltyd aan ander voor te sit was 'n belangrike saak. Groot besluite en weldade was dikwels deel van 'n maaltyd. In Sefanja 1:7 sit die Here self 'n maaltyd voor. So ook in Psalm 23:5. In die gelykenis in Matteus 22:2-14 waarin Jesus praat oor die Koninkryk van God verduidelik Hy dit as 'n maaltyd wat 'n koning as bruilofsfees vir sy seun gee.

Om by iemand te eet was dus 'n groot saak, 'n belangrike manier om eer aan iemand te betoon, en om baie nou met iemand te assosieer, om te se "ek is jou vriend" of "ons is 'n broederskap".

Die nagmaal wat Christene vier is deels om die dood van die Here te gedenk, maar ook om jou ten volle met Hom te assosieer.

As gasvryheid geweier was, het dit sterk reaksie meegebring. In Matteus 10:14-15 word gesê dat selfs die stof van jou voete as oordeel teen so een afgeskud moet word. In Galasiërs 6:10 en 1 Petrus 4:9 word Christene vermaan om gasvry te wees.

In die verkondiging van die Evangelie het gasvryheid 'n groot rol gespeel, want die eerste predikers het geen inkomste gehad nie en was geheel afhanklik van gasvryheid. 3 Johannes 5-8 sê dan ook dat dit die plig was van ander gelowiges om die predikers te versorg.

Om te verhoed dat gasvryheid misbruik is, het sekere voorskrifte gegeld. In een van die ou leerboeke van die vroeë kerk, die *Didache* (Leerstuk) van die Apostels, lees ons in hfst 11 dat as 'n reisende prediker kom, moet by gasvry behandel word. Hy mag 'n hele dag bly, en selfs 'n tweede as dit nodig is; maar nie 'n derde dag nie. Hy mag ook by vertrek niks anders as brood vir die reis van een enkele dag as padkos ontvang nie.

Petrus se verblyf by Simon die leerlooier in Joppe, waarvan Handeling 9:43 sê dat by geruime tyd gebly het, sou na alle waarskynlikheid ingehou het dat Petrus nie net bloot as gas vertoef het nie, maar ook dalk vir Simon gehelp het. Joppe was aan die see geleë en Petrus kon dalk nog deels vis gevang het.

8/29/22, 3:06 PM Category: Gewoontes en Gebruike in die Bybel (Boek)
- www.bybelkennis.co.za